



Kwetter Letter

NOMMER 21 VAN 2021 : 29/06/2021

| Lees asseblief alle inligting



1. PERSONEEL BOODSKAP

Assessering is nou afgehandel !!!

SKOOL SLUIT

WOENSDAG, 30/06/2021, om 10:00 vir HASIE KWASSIE, maar ouers is welkom om die leerders reeds vanaf Dinsdag, 29/06/2021, tuis te hou.

SKOOL HEROPEN

Die datum sal op 'n later stadium bevestig word.

NASKOOLSENTRUM

Die Naskoolsentrum bly oop en ouers kan gerus van die Naskoolsentrum gebruik maak gedurende die skoolvakansie. Dagbesoekers is welkom. Die Naskoolsentrum sal vanaf 1 Julie 2021 reeds om 06:30 in die oggende open vir die duur van die skool vakansie.



2. Verjaarsdae

- Baie geluk aan ons Hasie Kwassie juffrouens wat binnekort verjaar! Geniet 'n lieflike dag!
Juffrou Lynette : 6 Julie
Juffrou Sonja : 20 Julie
- Baie geluk aan ons Hasie Kwassie maatjies wat in JULIE verjaar! Geniet 'n dag vol pret!
Juffrou Lynette : Frederik 21/07
Juffrou Cathy : Keanu 07/07 ; AJ 21/07 ; Nica 31/07 ; Milé 31/07
Juffrou Sonja : Kairun 16/07 ; Myra 21/07 ; Mosima 23/07
Juffrou Anke : Daniel 21/07



3. Algemeen

GRAAD R - 2022

Die skool is in die proses om met ouers te kommunikeer rakende hul aansoeke vir Graad R - 2022.

Inligting rakende die inskrywingsproses en die afhaal van onderrigooreenkomste sal mettertyd aan die ouers gekommunikeer word.

Vir enige navrae met betrekking tot Gr R aansoeke of laat-aansoeke, stuur asseblief 'n e-pos na naomi@riebie.co.za.

GRAAD 1 - 2022

Baie dankie aan al die ouers wat reeds die volgende verpligte stawende dokumente na die skool teruggestuur het.

Voornemende Graad 1 - 2022 ouers wat nog nie die vorms teruggestuur het nie, moet dit asseblief stuur op die eerste dag wat die skool hervat vir die derde kwartaal.

- **Gesertifiseerde** afskrif van kind se **Onverkorte (Unabridged) Geboortesertifikaat**.
- Afskrif van **Immuniseringskaart/rekord**.
- **Gesertifiseerde** afskrifte van **beide** ouers se **ID dokumente**.
- **Bewys van adres**, nie ouer as 3 maande nie (W&L rekening in ouer se naam, of amptelike huurooreenkoms op agentskap briefhoof, in die ouer se naam).
- Indien u nie die biologiese ouers is nie, dokumente wat u wettige voogskap bevestig.

Ons verwag dat die openingsdatum vir aansoeke vir **Graad 1 - 2022** binnekort deur die Departement van Onderwys aangekondig sal word. Die oggend van die openingsdatum moet ouers, ingevolge departementele riglyne, **AANLYN** aansoek doen by: www.gdeadmissions.gov.za .

Sodra die skool enige verdere inligting ontvang sal ouers dienooreenkomstig in kennis gestel word.



LYNETTE | SONJA | CATHY | ANKE | VERUSHKA